

11. Juda word weggevoer in ballingskap

**2 Konings 23: 31 tot 2 Konings 25: 3;
2 Kronieke 35 en Jeremia 1 - 51**

God se oordeel

God se oordeel oor die afvallige volk word voltrek as hulle in ballingskap weggevoer word. Tog gee Hy nog steeds profete om sy volk te lei. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Die volk word gestraf vir hul afvalligheid.
- God gee steeds profete om sy volk te lei.
- Die profete verkondig hoop op verlossing ná bekering.

Joahas - koning van Juda

Ná die dood van Josia gaan die volk van Juda op talle gebiede agteruit. Juda is vasgedruk tussen twee groot ryke, naamlik Babel en Egipte. Die volk vertrou nie meer op die Here nie, maar soek hulp van ander lande. 'n Deel van die volk wil graag by Egipte aansluit en die ander deel by Babel. Die koning en die volk verlaat die Here en begin afgode dien. Sonder die Here kan Juda nie staande bly nie, en aangesien hulle Hom verlaat, is hul ondergang onvermydelik.

Koning Josia het vier seuns, waarvan drie later koning sal word. Die eerste seun wat hom opvolg is nie sy oudste kind soos verwag nie, maar sy jongste. Sy naam is Sallum, maar hy staan ook as koning Joahas bekend. Hy dien nie die Here soos sy pa nie, maar vereer afgode. Hy regeer net drie maande oor Juda waarna Farao Nego hom as gevangene wegvoer na Egipte. Daar sterf hy.

Jojakim - koning van Juda

Ná Joahas se dood stel Farao sy broer Jojakim as koning oor Juda aan. Hy doen alles in sy vermoë om die guns van die Egiptenaars te wen. Om dit te doen stel hy swaar belastings in wat hy dan aan Egipte oorbetaal. Hy laat ook sy paleis verfraai, sonder om die arbeiders vir die werk te betaal.

Jojakim aanbid nie net afgode nie, hy vervolg ook die Here se profete. Op 'n keer lees hulle Jeremia se profesieë aan hom voor, maar hy sny die boekrol stukkend en verbrand dit. 'n Ander profeet, Uria, vlug na Egipte, maar Jojakim laat hom haal en maak hom dood.

Die Babiloniërs slaag later daarin om Farao se leër te verslaan. Daarna vertrek hulle na Jerusalem om met Juda, Egipte se bondgenoot, af te reken. Jojakim gee sommer gou oor en Nebukadnesar besluit om hom na Babel te neem as gevangene. Hy neem ook 'n aantal jong manne en baie skatte uit die tempel met hom saam. Onder die jong manne wat hy gevange neem, is Daniël en sy drie vriende. Op pad na Babel verander Nebukadnesar van plan en laat Jojakim toe om na Jerusalem terug te keer. Jojakim moet swaar belasting aan Nebukadnesar betaal.

Drie jaar later besluit Jojakim dat hy nie langer belasting aan die koning van Babel gaan betaal nie. Die profete waarsku daarteen, maar hy weier om na hulle te luister. Nebukadnesar straf die volk deur vydandelige bendes te stuur om met hulle af te reken. Jojakim sterf in die geveg. Die volk het geen respek vir hom nie en doen nie eers moeite om hom behoorlik te begrawe nie.

Jojagin - koning van Juda

Jojagin is agtien jaar oud toe hy koning word. Hy doen wat verkeerd is in die oë van die Here en regeer net drie maande en tien dae. Nebukadnesar trek self op na Jerusalem om seker te maak dat die nuwe koning nie afvallig word nie. Teen die geweldige Babiloniese leër kan Jojagin geen weerstand bied nie, en hy gee oor. Daarna word hy, sy ma en 10 000 inwoners van Jerusalem na Babel weggevoer. Hulle neem ook alle kosbare voorwerpe uit die tempel saam. Die profeet Esegjël is onder hierdie persone wat weggevoer word.

Sedekia - die laaste koning van Juda

Voor sy vertrek stel Nebukadnesar Jojagin se oom, Sedekia, aan as koning oor Juda. Hy is 'n onderdaan van Babel en moet die eed van getrouheid aan Babel sweer. Sedekia luister soms na die profeet Jeremia, maar hy word ook maklik deur ander mense beïnvloed om die verkeerde te doen. Sy raadgewers oortuig hom om nie op die Here te vertrou nie, maar om eerder Egipte as die verlosser te sien.

Die inwoners van Juda dink dat die Here hulle sal beskerm. Hy sal nie toelaat dat hulle weggevoer word nie, omdat sy tempel in Jerusalem is en Hy daar woon.⁶⁷ Die Here sal nie toelaat dat sy tempel verwoes word nie. Jeremia en die ander profete waarsku hulle om nie op die tempel te vertrou nie, maar om aan die Here gehoorsaam te wees. Jeremia sê aan Sedekia om hom aan die koning van Babel te onderwerp, maar hy wil nie luister nie. Hy vererg hom vir Jeremia se vermaning en laat Jeremia in 'n modderige put gooi. 'n Kamerbediende van die koning laat hom van besluit verander, maar Jeremia moet in die gevangenis bly.

Juda vertrou op Egipte

Net soos Jojakim begin Sedekia met Egipte onderhandel. Hy vertrou nie op die Here nie, maar dink dat Egipte hulle van Nebukadnesar sal bevry. Toe hy seker is van Egipte se steun, verbreek hy die eed aan Nebukadnesar. Hierdie troubreuk veroorsaak 'n ramp vir sy koninkryk.

Die Babiloniërs trek dadelik teen Jerusalem op om hulle vir hul troubreuk te straf. Die Egiptiese leër kom om Jerusalem te help, maar hulle word gou verslaan. Daarna gaan die Babiloniërs na Jerusalem en beleër die stad agtien maande lank. Uiteindelik breek hulle aan die noordekant deur en neem die stad in. Sedekia vlug suidwaarts, maar die vyand haal hom in en neem hom gevange.

Juda gaan in ballingskap na Babel

Verskriklik is die straf wat Sedekia vir sy troubreuk ontvang. Sy seuns word voor sy oë om die lewe gebring en dan steek hulle sy oë uit en voer hom weg na Babel. Daar bly hy 'n gevangene tot sy dood. Jerusalem is verwoes, die tempel is afgebrand en die muur is omgegooi. Alles wat waardevol was, is gebuit en verskeie leiers wat aan die opstand deelgeneem het, word tereggestel. Net 'n handjievul arme en eenvoudige mense bly in die beloofde land agter. Op die manier gaan God se oordeel in vervulling.⁶⁸

67 1 Kon. 8: 10 en 11 En toe die priesters uit die heiligdom uitgaan, het die wolk die huis van die HERE vervul. En die priesters kon vanweë die wolk nie staan om diens te doen nie, want die heerlijkheid van die HERE het die huis van die HERE vervul.

68 Jer. 25: 8 en 9 Daarom, so sê die HERE van die leërskaar: Omdat julle na my woorde nie geluister het nie, laat Ek al die geslagte van die Noorde haal, spreek die HERE, en Nebukadrésar, die koning van Babel, my dienaar; en Ek sal hulle bring oor hierdie land en sy inwoners en oor al hierdie nasies rondom, en Ek sal hulle met die banvloek tref en hulle maak 'n voorwerp van verbasing en van bespotting en ewige puinhoop.

In die geskiedenis van die konings van Israel sien ons hoe God 'n koning en 'n volk wat aan Hom gehoorsaam is seën, maar Hy straf hulle wat nie aan sy gebooië gehoorsaam wil wees nie. Israel het 'n koning begeer,⁶⁹ maar deur bittere ondervinding leer hulle dat hul heil nie van 'n koning afhang nie, maar van hul gehoorsaamheid aan die wet van God. Wat vir die volk Israel gegeld het, geld vandag ook nog vir alle volke.

Jeremia word as profeet geroep

Die Here roep Jeremia as profeet gedurende die tyd dat koning Josia oor Juda regeer. Die Here sê vir hom dat Hy hom geken het voordat hy gebore is. Die Here het hom reeds voor sy geboorte geheilig en geroep as profeet vir die nasies. Jeremia antwoord dat hy nie kan praat nie, want hy is nog jonk. Die Here sê hom dat hy ten spyte van sy jonkheid moet gaan na die plekke waarna die Here hom stuur. Daar moet hy sê wat die Here hom beveel om te sê. Die Here bemoedig hom deur te sê: "Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou om jou uit te red."

Die Here kies Jeremia uit om sy oordeel oor sy eie volk en al die nasies aan te kondig. Die Here maak hom bekwaam vir sy taak deurdat Hy sy lippe aanraak en daardeur die woorde in sy mond lê. As profeet kry Jeremia baie swaar, want hy moet teen sy eie volk optree al het hy sy eie volk baie lief. Soms wil hy nie sê wat die Here hom beveel nie, maar dan brand die woorde soos 'n vuur in hom, sodat hy nie anders kan as om te praat nie.

Jeremia kondig God se oordeel aan

Hy begin as profeet optree tydens die regering van koning Josia en profeteer tot die ondergang van die ryk van Juda onder koning Sedekia. Ná die verwoesting van Jerusalem bly hy agter in Juda en vlug later saam met die res van sy volk na Egipte. Sy lewe word in twee tydperke verdeel. Die eerste tydperk is onder die rustige regering van die vrome koning Josia en dan kan hy sy amp ongehinderd uitvoer. Tydens koning Josia se hervormingswerk wys Jeremia die volk veral daarop dat hul harte bekeer moet word, anders sal die uitwendige hervormings van Josia vrugteloos wees. Met die dood van koning Josia hou die hervormingswerk op, aangesien die volk hulle nie werklik tot die Here bekeer het nie.

69 1 Sam. 8: 19 en 20 Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees, dat ons ook kan wees soos al die nasies - dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.

Vanaf die oomblik dat Jojakim koning word, moet Jeremia baie ly. Dit is ook die geval onder koning Sedekia. Omdat die koning nie van Jeremia se woorde hou nie, is hy vyandig gesind teenoor hom. Jeremia wys sy volk op die groot vyand wat soos 'n stormwind van die noorde af sal kom. Dit gebeur presies soos Jeremia geprofeteer het. Tydens die beleëring van Jerusalem deur Nebukadnesar, verkondig Jeremia die woord van die Here aan sy volk. Hulle moet onvoorwaardelik aan Babel oorgee, want dit is die Here se oordeel oor hul sondes. Die volk beskou hom egter as 'n rebel en probeer hom by verskeie geleenthede doodmaak.

Die stadhouer Gedalja

Koning Nebukadnesar stel sy vertroueling Gedalja aan om te regeer oor die mense wat in Juda agterbly. Hy is 'n goeie man wat hom in Mispa vestig. Nebukadnesar gee aan Jeremia die keuse om saam met sy mense na Babel te trek, of om in Juda agter te bly. Hy wil liever in Juda agterbly en daarom gaan hy na Mispa, sodat hy die handjievul Jode daar na die beste van sy vermoë kan dien. Ander Jode wat gedurende die inval in grotte en elders weggekruip het, gaan ook soontoe. Gedalja vermaan hulle om nie teen die Babiloniërs opstandig te word nie en in die tyd wat daarop volg, gaan dit voorspoedig met die Jode.

Die Ammoniete neem hul kans waar om die verswakte Juda aan te val. Hul koning stuur Ismael, 'n man uit die koninklike geslag, om Gedalja te vermoor. Gedalja word gewaarsku om versigtig te wees, maar hy steur hom nie daaraan nie. Tydens 'n maaltyd word hy en al sy lyfwagte vermoor. Daarna lok Ismael en sy bende 80 Jode wat na Jerusalem op pad is om daar te gaan aanbid, in Mispa in en vermoor die meeste van hulle in die nou straatjies van die stad. Net tien van hulle se lewens word gespaar, omdat hulle weet waar groot voedselvoorrade versteek is. Die Ammoniete gooi die 70 lyke in 'n put en neem die ander tien oorlewendes saam met hulle.

Die vlug na Egipte

Later kom 'n groep gewapende Joodse mans op Ismael en sy bende af en dadelik breek daar 'n geveg uit. Die mans wat Ismael gevange geneem het, help die gewapende Jode om Ismael te verslaan, sodat die Ammoniete moet vlug. Die Jode is bang dat Nebukadnesar baie kwaad vir hulle sal wees, as hy van Gedalja se dood verneem. Daarom wil hulle na Egipte vlug. Jeremia is daarteen gekant, maar hulle wil nie na hom luister nie en neem hom saam na Egipte.

Kort daarna word Egipte ook deur die Babiloniërs verower. Die Jode raak verspreid oor die hele land. Die eens vooruitstrewende Juda is nou 'n verlate gebied met ruïnes en verwaarloosde landerye en wingerde.

Juda se sondes het hulle ingehaal. Hulle wou nie na die profete luister nie en was ontrou aan die Here.⁷⁰ Daarom tugtig die Here hulle met die ballingskap in Babel. Die Here verwerp hulle egter nog nie heeltemal nie. Ná 70 jaar sal 'n oorblyfsel van Juda weer na Kanaän terugkeer.⁷¹ Die Here se belofte dat die Messias uit Juda gebore sal word, moet nog vervul word en daarom moet hulle weer na die beloofde land terugkeer.

Die laaste profete in Juda

Voor die val van Jerusalem tree Habakuk as profeet op. Hy profeteer die val van Jerusalem en ook dat sy inwoners in ballingskap weggevoer sal word. Daar sal egter altyd gelowiges in die land wees. Later sal die vyande tot 'n val kom en sal Israel verlos word.

Die volgende profeet is Sefanja. Hy profeteer dat die volke wat Juda verdruk en God bespot, tot 'n val sal kom. Hy sê verder dat daar 'n tyd sal aanbreek wanneer God weer in Jerusalem sal woon en alle volke sy Naam sal aanroep.

Nahum is 'n tydgenoot van Sefanja en profeteer die val van Nineve. Sy hele profesie handel oor die val van Nineve, die stad wat vol bedrog en geweld is. Hy verkondig verlossing vir Juda en sien met 'n profetiese blik op die berge die voete van hom wat die goeie boodskap bring en wat vrede laat hoor.

Obadja profeteer teen Edom. Hulle verheug hulle in die lot van Jerusalem en staan op die kruispaaie om die Jode wat vlug, te vang en aan Babel uit te lewer. Daarom sal Edom gestraf word, want "die dag van die Here is naby". Op die berg Sion sal daar weer uitkoms wees en die koninkryk sal aan die Here behoort.

70 1 Kron. 9: 1 En die hele Israel is in geslagsregisters opgeneem, en kyk, hulle is opgeskrywe in die boek van die konings van Israel. En die mense van Juda is in ballingskap na Babel weggevoer vanweë hulle ontrou.

71 Dan. 9: 2 in die eerste jaar van sy regering het ek, Daniël, in die boeke gemerk dat die getal jare waaroor die woord van die HERE tot die profeet Jeremia gekom het met betrekking tot die puinhoop van Jerusalem, sewentig volle jare was.

Aanbevole leesstukke

BOOYENS, M.J. 2007. Laat my lammers wei. Gereformeerde Kerk Pretoria: Orkney. 98 - 101 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 602 - 604 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 400 - 404 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 479 - 493 p.